Sing vooraf staande: Psalm 51:8 (p. 262)

8 Gebroke hart en gans verslae gees – / dit is u offers, HEER! Geen altaardiere,
geen bloed of vet van kleinvee of van stiere, / kan voor u oog die ware offers wees.
Doen goed aan Sion, wees dit welgesind, / en bou weer op Jerusalem se mure;
dan sal ons hand die regte offers vind, / brandoffers opgeur uit die altaarvure.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:13 (p. 579)

13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en ons versoening met
Psalm 65:2 (p. 314)

Wet

Psalm 65:2 (p. 314)

2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Skrifberyming 1-3:3 (nuut)

3 So kom die stryd, die skeiding, / van duisternis en lig.
Wie aanhou met die slegte, / hul lewens bly ontwrig.
Maar wie, uit God gebore, / die waarheid soek en doen,
kom dankbaar na die lig toe / as kind met God versoen.

Skriflesing: 1 Konings 2

Teks: 1 Konings 2:28b
Toe die gerug by Joab kom – want Joab was aan die kant van Adónia, alhoewel hy nie aan die kant van Absalom was nie – het Joab gevlug na die tent van die HERE en die horings van die altaar vasgehou. (1 Konings 2:28 AFR1953)

Die Here se genade het grense, en 'n mens kan sy hand oorspeel en die genade van die Here te ver rek.

Hierdie stuk geskiedenis draai rondom ’n hele paar mense wat almal ernstige sondes gedoen het.

- Hulle het almal aanvanklik daarmee weggekom.
- Verder was hulle nie bereid om hulle gesindheid oor die saak te verander nie.
- Uiteindelik het hulle hulle teen God se straf vasgeloop.

Die mense was ook baie vooraanstaande en toonaangewende persone in die volks- en kerklike lewe, naamlik

- Adonia, koning Dawid se oudste seun,
- Abjatar, die hoëpriester, en
- Joab, die leërowerste.

Dawid was al so oud, en sy liggaam al so gedaan, dat die volk vir hom ’n jong vrou uitgesoek het om saam met hom te slaap sodat hy nie moet verkluim nie.

- Die hele saak van die troonopvolger was skerp in die lug.
- Almal het mos geweet dat Dawid letterlik enige dag kon sterf, en dat daar dan ’n nuwe koning aangewys sal moet word.

Volgens die tradisie moes Adonia koning word, maar hy was innerlik ’n slegte mens.

- Terwyl sy pa so swak was, het hy dan ook deur ’n soort van ’n staatsgreep aan bewind probeer kom.
- Hy het dit só gedoen: Hy het ’n maaltyd voorberei en al die belangrikste mense – onder andere Abjatar, die hoëpriester, en Joab, die leërowerste – daarheen genooi.
- Tydens hierdie maaltyd moes Adonia dan as koning uitgeroep word.
    - Met hierdie optrede sou Adonia dan seker gemaak word dat die volk dit weet.
    - Dan was dit te laat en ook onmoontlik om iemand anders op ’n later stadium as koning uit te roep.

Die plan het toe nie gewerk nie, want terwyl hierdie ete aan die gang was, het Dawid vir Salomo as koning laat salf.

Hierdie salwing en die feit dat Salomo op Dawid se muil deur die strate begelei is, het die nuwe koning (Salomo) dadelik amptelik aan die volk bekend gemaak.

- Meteens was Adonia en al die mense by sy maaltyd in groot moeilikheid, want hulle ete, en die beplande salwing van Adonia, was meteens ’n saak van hoogverraad en was ook strafbaar met die dood!
- Adonia en Abjatar en Joab se lewens het meteens aan ’n draadjie gehang.

Dit blyk ook uit die opdragte wat Dawid op sy sterfbed gegee het dat Joab en Abjatar in hulle lewens dinge gedoen het wat die doodstraf verdien.

- Hierdie verraadmaaltyd was dus maar net tipies van hoe hulle hele lewe was.

Die HERE begenadig hierdie mense.

- Hy laat hulle nie sterf, soos wat hulle verdien, nie.
- Adonia het dadelik na die altaar toe gehardloop en die horings van die altaar vasgegryp.
- Hier mag hulle hom nie doodgemaak het nie, en hy kon hiervandaan af smeek vir genade.

Dis ’n simboliese daad, want ons weet mos dat die HERE die altaar as ’n toevlugsoord aangewys het in Eksodus 21:14.

- Ons het hier op ’n Ou-Testamentiese wyse te doen met die genade wat deur die Here Jesus gegee word.
- Die altaar is mos die offerplek, en hierin het ons die middelaarsfunksie, wat later deur die Here Jesus nagekom is.

Let net daarop dat die genade egter nie sonder enige voorwaardes gegee word nie.

- Joab en Abjatar se lewens word saam met Adonia s’n gespaar, op die voorwaarde dat Adonia hom onberispelik teenoor die koning gedra.
- Ons lees nie dat die priester toe verder enige verkeerde dinge gedoen het nie.
- Maar tussen die reëls deur vermoed ons dat Joab tog iets gedoen of gesê het, want toe hy later vlug, meld die Bybel baie duidelik dat hy ’n aanhanger van Adonia was!

Adonia was in hierdie stadium omtrent 38 jaar oud, en Batseba was waarskynlik nie veel ouer nie. Salomo was waarskynlik 18 jaar oud.

- Uit hierdie gegewens word dit duidelik waarom Adonia kans gesien het om weer ’n keer te probeer om die koningskap in die hande te kry.
- Sy beplanning was baie netjies en diplomaties, maar ook baie oneerlik.
    - Hy wil Abisag as ’n vrou hê.
    - Ons moet net hier in gedagte hou dat Abisag – soos Batseba – Dawid se vrou was!
    - En dat Abisag waarskynlik jonger as Adonia was.

Adonia weet dat sy pa destyds duidelik laat blyk het dat hy afwyk van die normale reëls wat gegeld het by die aanwysing van ’n troonopvolger.

- Die rede was dat die HERE dit beskik het dat Salomo die nuwe koning moet wees.
- Adonia berus hom nie hierby nie, maar gebruik tog die feit daarvan.

Hy gaan na Batseba toe en versoek haar om sy versoek aan Salomo te gaan stel dat hy Abisag aan Adonia moet afstaan as sy vrou.

- Hy stel sy saak nogal baie gelowig: Die Here het beskik dat Salomo koning geword het – al het die volk verwag dat hy (Adonia) koning moes word.
- *Inderdaad lieg hy verskriklik hier vir Batseba, want hy is alles behalwe so inskiklik as wat dit klink, want hy het geweet dat die volk die man wat die vorige koning se vroue neem, die nuwe koning moet wees.*
- Die gevolge daarvan sou wees dat die volk Salomo onmiddellik sou verwerp en Adonia as koning sou aanvaar!

Salomo sien dadelik – met God se wysheid – deur hierdie plan.

- Hy sweer ook dat Adonia nou te ver gegaan het, en dat hy hiervoor met sy lewe gaan betaal.
- Hy het sy hand oorspeel en Salomo se genade te ver probeer rek.
- Hy het inderdaad probeer om die genade wat hy ontvang het, tot nadeel van die een wat genadig is, te gebruik.

Kom ons kyk wat word van die drie manne:

- Adonia word onmiddellik doodgemaak.
- Abjatar word gespaar, en die rede word gegee, naamlik ter wille van sy diens aan die HERE wat hy getrou uitgevoer het.
- Maar met Joab was die saak anders. Hy word ook doodgemaak.

Hy hoor die nuus – wat dus beteken dat hy nie by Adonia was nie.

- Eintlik staan daar dat die nuus hom *opgesoek* het!
- Daar is ’n baie belangrike sinspeling in die woord ***opsoek***, want God soek jou ook op wanneer jy weggedwaal het – maar die duiwel soek jou ook op wanneer hy jou wil kwaad aandoen.

Dadelik toe Joab die nuus hoor, het hy geweet wat met hom gaan gebeur!

- Daarom het hy onmiddellik na die altaar toe gevlug en die horings van die altaar gaan vasgryp.
- Hy het gedink dat hy hier genade sou kry.

Let net op dat Joab presies doen wat Adonia gedoen het – maar die uitkoms was heeltemal verskillend.

Die probleem het ontstaan omdat die genade wat Adonia gekry het, sekere voorwaardes gehad het!

- Die voorwaardes was naamlik dat Joab en Abjatar moes kyk dat Adonia hom gedra, anders sou die genadevergunning vir al drie verval.
- Presies dít het hier gebeur!
- Die Bybel skryf ook dat Joab se gesindheid teenoor die koning verkeerd was, want hy wou inderdaad nog vir Adonia as koning gehad het.

Let op Joab se gesindheid:

- Werklike dankbaarheid vir die genade wat aan hom bewys was, het hy nie gehad nie.
- Hy het ook nie die grootheid en die gevolge van hierdie genadebewys besef nie.
- Hy besef egter nou die geldigheid daarvan dat die genadevergunning oor hom verval het.

Hoeveel keer dink ons in ons dwase beplanning nie aan die heel belangrikste dinge nie! So ook met Joab:

- Joab het aan een punt van die begenadiging by die altaar nie gedink nie – dit was dat moordenaars nie op hierdie manier vir genade en behoud van hulle lewens kon smeek nie.
- Salomo het dit egter geweet en onthou.

Benaja het te veel respek vir die altaar gehad om Joab sommer die eerste keer dood te steek.

- Daarom het hy eers teruggegaan na Salomo toe om verslag te doen dat Joab nie van die altaar af wil padgee nie.
- Salomo het net die bevel herhaal: Maak hom dood!
- Joab is toe teen die altaar doodgesteek.

Mens wonder nou of Joab dan nou hel toe is, want dis tog duidelik dat die HERE nie vir hom genade oorgehad het toe hy nie wou luister nie.

Dit is waar die Christusprediking inpas.

- Die eerste keer gaan dit werklik oor genade self –
    - dis waarom Adonia altaar toe vlug – en dit is ook waarom hy genade gekry het.
- Die tweede keer het dit nie gegaan oor genade nie.
    - Dit het gegaan oor die feit dat iemand die genade verbeur het omdat hy nie die genade wat hy ontvang het, waardeer het nie!
    - Wat hier gebeur is baie eenvoudig:
        - Elke mens moet weet waar hyself staan teenoor die genade van God.
        - Ook dat hy moet weet dat die voorwaarde vir die ewige lewe juis hierdie genade van God is.

- Ons hele lewe hang dus van die genade van God af.

Nou kan jy óf die genade aanvaar, en dankbaar binne die raamwerk daarvan lewe, óf jy kan doen wat Joab en Adonia gedoen het: minag die genade en probeer self iets beters regkry, en verloor dan alles – tot jou lewe!

Dit is natuurlik ook belangrik dat al hierdie dinge alles rondom die altaar gebeur.

- Die altaar was die plek waar die bemiddeling tussen God en sy volk plaasgevind het.
- Dis waar die offers gebring is.
- Dit gaan dus hier oor die versoening deur die Here Jesus Christus.

Alles wat hier gebeur is presies soos wat dit werklik is ten opsigte van ons verlossing in die Here Jesus.

- Solank as wat ons sy verlossing (God se genade) gelowig en dankbaar aanvaar, bly dit oor ons van krag.
- Die oomblik wanneer ons dit verwerp, word ons eie krag, en daarmee saam natuurlik al ons gebreke en sondes, met God gekonfronteer en dan kan ons dit nie oorleef nie.
- Ons aanvaar dus óf God se genade óf ons lewe in ons eie krag.

Daar is dus hier ’n baie skerp skeiding tussen dood en lewe!

Ten diepste gaan dit hier oor die uitverkiesing, want dit gaan oor Joab en Adonia se gesindhede wat nooit verander het nie.

- Selfs nadat hulle begenadig is, was hulle gesindhede nog steeds dieselfde as wat dit tevore was.
- Hulle was as onbekeerlikes deur hulle lewe eenders, al het hulle probeer voorgee dat dit anders was.
- Daarom gee hulle uiteindelik hulle lewe prys daarvoor.

Ons het hier te doen met, onder andere, daaglikse bekering, waarin ons onsself ook voortdurend moet ondersoek en plaas binne die raamwerk van God se liefde.

- Dit sluit in bekering van al ons sondes.
- Dit sluit veral ook die verbetering en verandering van ons slegte gesindhede teenoor God en ons naaste in.

By God se genade het ons lewe. In ons is die dood.
Terwyl ons al weer begin regmaak vir die volgende Nagmaal, laat ons veral ook hieraan aandag gee tot eer van, en tot benutting van die lewensgenade wat ons van die Here Jesus ontvang het.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 3-2:1, 3, 5, 6 (nuut)

1 Christus, die Seun, is beeld van God – / van God onsigbaar, gróót.
Hy is die Eerste, Hy alleen – / die hoog verhewe Heer.

3 Hy is die oorsprong van die kerk; / ons Hoof, die Heer is Hy.
Ons is sy liggaam, één het Hom, / en in Hom is ons één.

5 God met sy volheid woon in Hom, / só het God self besluit.
Daarom kon Hy versoening bring – / Gods vrede weer herstel.

6 Christus moes sterwe aan ’n kruis; / Hy moes sy bloed laat vloei.
Hemel en aarde, die heelal, / is só met God versoen.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 25 Julie 2010